

SARS SE KONSULTASIEDOKUMENT OOR BTW-MODERNISERING: E-FAKTURERING EN E-VERSLAGDOENING

Augustus 2026



Vrywaring: Die inhoud van hierdie konsultasiedokument is op SARS se huidige begrip van die voorgestelde BTW-moderniseringsraamwerk gebaseer en is slegs bedoel om konsultasie met belanghebbendes te fasiliteer. Die menings, voorstelle en implementeringsoorwegings wat in hierdie dokument uiteengesit is, kan na gevolg van insette van belanghebbendes, ontleding en enige toepaslike wetlike of beleidsprosesse verfyn word.

SARS SE KONSULTASIEDOKUMENT OOR BTW-MODERNISERING: E-FAKTURERING, INTEROPERABILITEITSRAAMWERK EN E-VERSLAGDOENING

Inhoudsopgawe

Bestuursopsomming	1
Hoofstuk 1: Inleiding en Konteks	3
Hoofstuk 2: Voorneme en Doelwit	3
Hoofstuk 3: Vooruitsig vir die Belastingpligtige-ervaring	4
Hoofstuk 4: Oorsig van die Huidige BTW-administrasie en Sleutelbeperkings.....	4
Hoofstuk 5: Voorgestelde Model - 'n Digitale BTW-ekostelsel	5
Wat is 'n E-faktuur?.....	6
Wat is 'n Interoperabiliteitsraamwerk (IF)?	7
Wat is E-verslagdoening?.....	9
Rolle en Verantwoordelikhede van Elke Deelnemer aan die Digitale BTW-model:.....	10
Hoofstuk 6: Voordele van die Digitale BTW-model.....	12
Hoofstuk 7: Wêreldwye Neigings en Internasionale Lesse	14
Hoofstuk 8: Implementeringsroete.....	15
8.1 Fase 1: Voorbereiding	16
8.2 Fase 2: Oplossingsontwikkeling	16
8.3 Fase 3: Validering (Gehalteversekeringstoetsing).....	16
8.4 Fase 4: Loodsprojek	16
8.5 Fase 5: Geleidelike Implementering	17
Hoofstuk 9: SARS en die Impak Op en Betrokkenheid van Belanghebbendes	18
Hoofstuk 10: Gevolgtrekking	23

Bestuursopsomming

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n meerjarige moderniseringsreis aangepak, soos uiteengesit in hul SARS Modernisering 3.0-witskrif¹. As deel van laasgenoemde program wil die organisasie sy belastingadministrasieplatform moderniseer tot 'n intelligente, datagedrewe en digitaal bekwame stelsel wat die belastingpligtige-ervaring verbeter, vrywillige nakoming versterk en meer tydige, deursigtige en risikogebaseerde administrasie ondersteun.

Ooreenkomstig die Belasting op Toegevoegde Waarde- (BTW-) -moderniseringsbesprekingsdokument van 2023, vorm die konsultasiedokument oor BTW-modernisering 'n kerndeel van die breër moderniseringsprogram. Dit bevorder die skuif van retrospektiewe, verklaringgebaseerde BTW-administrasie na gestruktureerde e-fakturering, interoperabiliteit, e-verslagdoening en, met verloop van tyd, toenemend geoutomatiseerde BTW-aanslag.

BTW-modernisering is 'n strategiese inisiatief om Suid-Afrika se BTW-ekostelsel te transformeer deur BTW-administrasie en -nakoming te outomatiseer. Die einddoel is om uiteindelik na 'n BTW-outoaaanslagmodel oor te skakel waar belastingnakoming vir belastingpligtiges "net gebeur" as deel van hul gewone sakeprosesse deur byna intydse data met SARS te deel. Deur BTW-prosesse met 'n onderneming se hulpbronbeplanning (ERP), rekeningkunde-, fakturering- en betaalstelsels te integreer, beoog die nuwe model om handmatige indiening en foute te verminder, BTW-terugbetalings te bespoedig en die behoefte aan oudits of verifikasies agterna aansienlik te verminder. Gevorderde KI- en ontledingsinstrumente sal in die agtergrond data oor die hele waardeketting vir teenstrydighede en risiko's ontleed, wat SARS in staat sal stel om bedrog en nienakoming vroeër op te spoor en ingrypings op hoërisikogevale toe te spits.

Die voorgenome BTW-ekostelsel berus op drie kernpilare: e-fakturering, 'n interoperabiliteits-raamwerk (IF) en e-verslagdoening. Dié komponente sal 'n gedesentraliseerde model vir

1 SARS se Moderniseringswitskrif 3.0, 2025/26–2029/30, beskryf SARS Modernisering 3.0 as 'n program om SARS se belastingadministrasieplatform tot 'n intelligente digitale stelsel te transformeer wat in datawetenskap en kunsmatige intelligensie geanker is, en sluit die modernisering van BTW-administrasie in.

deurlopende transaksiebeheer en -uitruil (DCTCE) vorm. Hierdie model word hierna die “digitale BTW-model” genoem. Hierdie model word toenemend as internasionale beste praktyk beskou. Dit sal uiteindelik ’n nakoming-per-ontwerp-omgewing skep wat sekerheid verbeter, moeite verminder, die BTW-gaping sluit en ’n samewerkende, intydse benadering tot BTW-nakoming bevorder.

Die voorgestelde digitale BTW-model beoog om internasionale lesse te weerspieël en aan Suid-Afrikaanse behoeftes te voldoen deur robuuste belastingnakoming met die gemak van sake doen te balanseer. Die voordele van e-fakturerings, IF en e-verslagdoening sluit ’n beter belastingpligtige-ervaring, groter doeltreffendheid in die ekonomie en ’n sterker belastingadministrasie met verbeterde inkomste-invordering, minder bedrog en beter deursigtigheid in.

Die digitale BTW-model sal in fases ingestel word, eers met ’n loodsprojek, gevolg deur vrywillige en daarna verpligte opname. Die volgorde waarin implementering vir bepaalde segmente of sektore van die ekonomie sal plaasvind, kan na gelang van die gemak van opname, nakomingsrisiko, aanduidings van die BTW-gaping en ander faktore verander. Die sukses hiervan sal toepaslike inskakeling, bystand en veranderingsbestuur deur SARS en alle belanghebbendes verg.

In ooreenstemming met SARS se strategiese oogmerk om saam met en deur belanghebbendes te werk om die belasting-ekostelsel te verbeter, nooi hierdie konsultasiedokument alle belanghebbendes uit om aktief deel te neem om ’n wêreldklas BTW-stelsel vir Suid-Afrika te help skep. Die dokument versoek spesifiek insette van belanghebbendes oor die ontwerp van die digitale BTW-model, die voorgestelde gefaseerde implementeringsroete, die gereedheid van belastingpligtiges, sagtewareverskaffers en -tussengangers; die koste, risiko's en voordele van opname; en die bestuur, standarde en veiligheidsmaatreëls wat nodig is om ’n betroubare nasionale digitale BTW-ekostelsel te ondersteun.

Hoofstuk 1: Inleiding en Konteks

BTW-modernisering word deur 'n fokus op belastingpligtige-ervaring as strategiese vertrekpunt gedryf. Die doel is om 'n wrywinglose, intelligente BTW-ekostelsel te skep waar “belasting net gebeur”. SARS sal volgens 'n platformgebaseerde benadering naatloos met gewone sakestelselprosesse skakel. Nakomende belastingpligtiges sal skaars van die BTW-nakomingsproses bewus wees omdat dit outomaties deur hul gewone saketransaksies verloop. Hierdie transformasie is beide tegnologies en ervaringsgerig, en belastingpligtiges sal toenemend 'n SARS beleef waarmee dit maklik is om sake te doen en wat beskikbaar, regverdig en konsekwent is.

Belastingadministrasies wêreldwyd beweeg weg van retrospektiewe, opgawegebaseerde verifiëring na datagedrewe nakomingsmodelle wat gestruktureerde transaksiedata nader aan die ekonomiese aktiwiteit gebruik. E-fakturering en digitale verslagdoening verbeter die gehalte van data, verminder dubbele prosessering en versterk bedrogopsoring. Dit stel regerings in staat om meer doeltreffende, mededingende en deursigtige markte te ondersteun.

Hoofstuk 2: Voorneme en Doelwit

Hierdie konsultasiedokument nooi belanghebbendes uit om gestruktureerde insette oor die voorgestelde modernisering van Suid-Afrika se BTW-administrasie te lewer. Die doel hiervan is om ingeligte konsultasie te ondersteun, 'n gedeelde begrip te fasiliteer, belangrike beleids- en ontwerpseuses te toets, en praktiese insigte in te samel wat SARS sal help om vorm te gee aan 'n moderne, doeltreffende en inklusiewe BTW-administrasieraamwerk.

Die voorgestelde modernisering is rondom 'n ekoselsel van e-fakturering, 'n IF en e-verslagdoening gefokus. Dié ekoselsel is daarop gerig om die belastingpligtige-ervaring te verbeter, doeltreffende nakoming te ondersteun, vooraf ingevulde BTW-opgawes moontlik te

maak en, met verloop van tyd, die grondslag vir BTW-outoaaanslae te lê, in ooreenstemming met SARS se strategiese oogmerk dat “belasting net gebeur”.

Hierdie dokument versoek insette van belanghebbendes oor die voorgestelde model, implementeringsbenadering, gereedheid, koste, risiko's, voordele en instaatstellende vereistes. Die doelwit is om konstruktiewe, praktiese en bewysgebaseerde insette te verkry wat die verfyning van die beleid, model en implementeringsroete sal rig.

Hoofstuk 3: Vooruitsig vir die Belastingpligtige-ervaring

BTW-modernisering bied 'n toekomstige belastingpligtige-ervaring waarin BTW-nakoming naatloos, intelligent en hoofsaaklik geoutomatiseer word en 'n gewone deel van sake doen in 'n digitaal bekwame ekonomie vorm. Deur veilige, intersamewerkende digitale kanale, vloei gestruktureerde faktuurdata outomaties tussen sakestelsels en SARS, wat handmatige rekonsiliasies, herhaalde indienings en retrospektiewe oudits verminder. Belastingpligtiges trek voordeel uit verhoogde duidelikheid, gerieflikheid en vertroue, met byna intydse insig in BTW-aanspreeklikhede, -terugbetalings en -nakomingstatus. Roetine administratiewe take word deur stelselgedrewe validering en geoutomatiseerde prosesse vereenvoudig, waardeur foute by die bron verminder, sekerheid verbeter en vinniger, risikogebaseerde uitkomstemoontlik gemaak word.

Hoofstuk 4: Oorsig van die Huidige BTW-administrasie en Sleutelbeperkings


BTW word in Suid-Afrika as 'n selfaanslagbelasting volgens die faktuurkredietmetode oor die hele BTW-lewensiklus geadministreer, van registrasie en fakturering tot die indiening van opgawes, betaling, terugbetaling, verifiëring/audit, dispuutoplossing en deregistrasie. Hoewel sekere elemente van die stelsel soos registrasie, indiening en betaling gedigitaliseer is, steun die huidige raamwerk swaar op ongestruktureerde faktuurdata, gefragmenteerde stelsels en handmatige administrasie.

SARS maak gebruik van die na-ouditmodel om BTW-indienings te verifieer, met slegs beperkte insig in transaksionele bedrywighede eers nadat opgawes ingedien is. Dit lei tot hoër nakomingskoste, 'n groter administratiewe las, vertraagde sekerheid en terugbetalings vir belastingpligtiges, en 'n verminderde vermoë by SARS om nakomingsrisiko's, bedrog en die BTW-gaping doeltreffend aan te spreek.

Hoofstuk 5: Voorgestelde Model - 'n Digitale BTW-ekostelsel

Die voorgestelde model anker BTW-nakoming in die gewone vloei van sake deur veilige, deurlopende uitruil en verslaggewing van transaksionele data deur die e-fakturerings-, IF- en e-verslagdoening-ekostelsel moontlik te maak. Deur hierdie data met toepaslike derdeparty-inligting te kombineer, sal SARS 'n betroubare data-omgewing kan skep wat KI-gedrewe BTW-aanslag, groter deursigtigheid vir belastingpligtiges en meer geteikende ingrypings ondersteun wat op uitsonderings, onreëlmatighede en hoërisikogedrag fokus.

Die implementering van die digitale BTW-model sal verskeie sleutelveranderinge en transformasies in sake-inligtingprosesse vereis, soos in die tabel hier onder uiteengesit:



Tabel 1: Transformasie van BTW-administrasie

SARS stel 'n gemoderniseerde BTW-administrasiemodel voor wat op drie geïntegreerde pilare berus: e-fakturering, 'n IF en e-verslagdoening. Volgens hierdie model vloeï BTW-transaksiedata veilig en byna intyds tussen verskaffers, kopers, diensverskaffers en SARS, wat validering by die bron, beter sigbaarheid oor die hele waardeketting en toenemend geoutomatiseerde BTW-nakoming moontlik maak. Die model ondersteun 'n verskuiwing van retrospektiewe oudits na uitsonderingsgebaseerde toesig, waar SARS betroubare transaksionele data gebruik wat mettertyd BTW-outoanslae sal ondersteun, terwyl belastingpligtiges se reg behoue bly om uitkomste te bevestig of aan te pas.

Die nuwe ekostelsel stel deurlopende transaksiebeheer (CTC) bekend wat netwerktoegangspunte gebruik vir die uitruil van databoodskappe, waar e-faktuurdata byna intyds gevalideer en gedeel word namate transaksies plaasvind.

Wat is 'n E-faktuur?

'n E-faktuur² is 'n gestruktureerde, masjienleesbare belastingfaktuur wat volgens 'n voorgeskrewe datamodel uitgereik, versend en ontvang word in 'n gestruktureerde elektroniese formaat wat die naatlose, outomatiese en elektroniese prosessering daarvan in rekeningkundige- en ERP-stelsels moontlik maak. Dit is nie eenvoudig 'n PDF-, geskandeerde of e-posdokument nie. Dit moet gestandaardiseerde data-elemente bevat wat validering, vergelyking, rekeningkundige integrasie en BTW-verslagdoening moontlik maak.

E-fakture moet aan 'n e-faktuurstandaard/-spesifikasie (bv. EN16931 CIUS, UN/CEFACT Cross-Industry Invoice of Peppol PINT BIS) voldoen, asook aan die e-faktuurvereistes wat ingevolge wetgewing voorgeskryf word deur regulasies wat nog voorgestel moet word. Die beoogde tegniese spesifikasies sal onder andere voorsiening maak vir nulkoers, geagte lewerings en verdeling.

² Van toepassing op e-debiet- en e-kredietnotas.

Die e-faktuurdata kan 'n omskrewe datastel wees wat reeds uit die e-fakture onttrek is en as elektroniese boodskappe deur die belastingpligtige gestuur word; die e-fakture self; of 'n kombinasie hiervan.³

Om ingevolge belastingwetgewing as 'n oorspronklike dokument beskou te word, moet e-fakture al die voorgeskrewe inligting bevat soos omskryf in belasting-, kommersiële-, rekeningkundige en mededingingswetgewing en -regulasies. E-fakture moet ook voldoen aan regulasies wat spesifiek op die verskaffer se bedryfsektor van toepassing is.

Daar word beoog dat hierdie oorspronklike e-faktuur-/elektroniese boodskap as die tradisionele stawende dokument sal dien om die BTW-aanspreeklikheid aan die verskaffer se kant en die BTW-aftrekbaarheid aan die ontvanger se kant te staaf. Dit is ook die elektroniese boodskap vir elke party se rekeningkundige stelsels wat die omset van die verskaffer en die bestedingsbedrae van die ontvanger aanteken en staaf.

BTW-transaksies waarvoor 'n faktuur gewoonlik nie vereis word nie en wat dus buite die voorgestelde e-faktureringsvereiste val, soos geagte lewerings, sektorspesifieke lewerings en aftrekkings, sal spesifiek in die konsultasie en gedetailleerde oplossingsontwerpproses oorweeg word.

Wat is 'n Interoperabiliteitsraamwerk (IF)?

'n IF is 'n gedesentraliseerde stelsel vir die uitruil van boodskappe deur 'n netwerk van diensverskaffers, soortgelyk aan dié wat internet- of e-posttoegang verskaf. Om die lewering, klaring, validering en e-verslagdoening (waar van toepassing) van 'n e-faktuur tussen 'n verskaffer/uitreiker en koper/ontvanger te fasiliteer, integreer 'n IF die partye se inligtingstegnologie- (IT-) -stelsels. Die IF verbind verskaffers/uitreikers en kopers/ontvangers deur beleide, standaarde, riglyne en netwerkargitektuur (waar van toepassing) wat die uitruil van e-fakture, stawende data en boodskappe in 'n gestandaardiseerde en nakomende formaat moontlik maak.

³ OECD. (2020). *Tax Administration 3.0: The Digital Transformation of Tax Administration*. Aanlyn: https://www.oecd.org/en/publications/2020/12/taxadministration-3-0-the-digital-transformation-of-tax-administration_886337a7.html.

Die volgende drie konsepte is krities tot 'n suksesvolle IF:

- a) Interoperabiliteit: Interoperabiliteit (samerwerking) moet bestaan ongeag die IT-omgewing van die belastingpligtige se e-fakturerings- of e-verslagdoeningsoplossing. Byvoorbeeld, diensverskaffers en ander relevante rolspelers se netwerkadresse moet maklik opspoorbaar wees om betroubare en veilige uitruil tussen die partye tot die transaksie te verseker.⁴
- b) Veiligheid: Om geloofwaardigheid en veiligheid te handhaaf, moet kommunikasie binne die raamwerk beperk word tot geverifieerde deelnemers (naamlik die verskaffer/uitreiker, die koper/ontvanger, die belastingowerheid en die gemagtigde en geakkrediteerde diensverskaffers).
- c) Standaarde: die raamwerk omskryf semantiesevlakstandaarde wat gesamentlik 'n kernstel e-faktuurdata-elemente vorm wat vir die meeste voorsieningskettingtransaksies geskik is. E-fakture moet in die vereiste tegniese sintaksis weergegee en deur gevestigde standaarde vir boodskapvervoerprotokolle gelewer word. E-faktuurlewering en -prosessering moet moontlik gemaak word deur 'n verskeidenheid implementeringspraktyke en -modelle.⁵

Die volgende is sleutelrolspelers in 'n IF:

- Verskaffer/Uitreiker.
- Koper/Ontvanger.
- Verskaffer/Uitreiker se diensverskaffer of toegangspunt.
- Koper/Ontvanger se diensverskaffer of toegangspunt.
- Inkomsteowerheid se diensverskaffer of toegangspunt.

⁴ National Forum on Electronic Invoicing and Electronic Public Procurement. 30 September 2019. "Interoperability Charter for the Transmission of Electronic Invoices". Aanlyn: <https://fnfe-mpe.org/wp-content/uploads/2019/10/2019-09-30-FNFE-MPEInteroperability-Charter-Final-EN.pdf>.

⁵ Business Payments Coalition. November 2019. "Overview of an e-Invoice Interoperability Framework". Aanlyn: <https://businesspaymentscoalition.org/wp-content/uploads/20191031-bpc-overview.pdf>.

Diensverskaffers fasiliteer die veilige en betroubare uitreik van e-fakture deur die IF. Hulle maak ook seker dat boodskappe korrek gestuur en ontvang word en bied bykomende dienste aan. Hierdie dienste kan datatransformasie/-integrasie en die validering van dokumente vir nakoming van voorgeskrewe standarde en spesifikasies insluit. Diensverskaffers kan byvoorbeeld gedentraliseerde klarings- (validerings-) -funksies van die e-faktuur en duplikaatkларing (verslagdoening deur beide die uitreiker en die ontvanger) van die e-faktuur uitvoer. Verskaffers/kopers en die inkomsteowerheid kan hul diensverskaffers vrylik kies.


'n Sleutelvoordeel van 'n gedentraliseerde IF is dat dit die risiko van 'n enkele mislukkingspunt elimineer. Anders as met gesentraliseerde klarings- en uitruilmodelle, is talle diensverskaffers betrokke en as een misluk, bly die ander die funksie(s) verrig. Nog 'n voordeel is dat die inkomsteowerheid kan besluit om slegs 'n belastingverwante substel van die volledige e-faktuurdataboodskap te ontvang, nadat die datagehalte en -nakoming deur die diensverskaffers verseker is. Die inkomsteowerheid hoef ook slegs met die diensverskaffers te integreer en hulle te ondersteun, en hoef nie met al die verskaffers individueel te integreer nie. Die diensverskaffers behartig die grootste deel van die integrasie- en ondersteuningsdienste vir hul kliënte.

Wat is E-verslagdoening?

E-verslagdoening is 'n digitale stelsel wat outomaties e-faktuurdata na die belastingowerheid oordra. Daar is verskillende e-verslagdoeningsmodelle, soos die na-ouditmetode en CTC, wat verskillende klarings- en uitruilmeganismes kan behels.

E-verslagdoening deur CTC is 'n verslagdoeningsmeganisme waarvolgens BTW-transaksiedata, insluitend e-faktuurdata, elektronies by die inkomsteowerheid ingedien moet word net voor, tydens of kort ná die werklike uitruil van sodanige data tussen die verskaffer en die koper. CTC sluit byna intydse verslagdoeningsmeganismes en die gebruik van data, wat van e-faktureringsprosesse onttrek is, in. Dit benut en komplementeer e-fakturering en vereis dat belastingpligtiges alle BTW-data uit hul rekeningkundige stelsels oordra. Deur 'n bykomende toegangspunt by die IF in te sluit, kan e-verslagdoening aan die belastingowerheid deur die IF gefasiliteer word.

Die digitale BTW-model word in die illustrasie hier onder uitgebeeld:



Figuur 1: Digitale BTW-model

Rolle en Verantwoordelikhede van elke Deelnemer aan die Digitale BTW-model:

a) Hoek Een (C1): Verskaffer/Uitreiker

- C1 moet 'n e-faktuur in digitale formaat vanaf hul rekenkundige sagteware uitreik. Dit beteken dat C1 rekeningkundige sagteware moet hê wat 'n e-faktuur kan uitreik (ontvang en outomaties verwerk), ingevolge die voorgestelde nuwe omskrywing wat IT- en BTW-wetgewende standarde insluit. Op hierdie stadium word na die e-faktuur as 'n e-faktuur sonder klaring verwys.
- C1 moet 'n geakkrediteerde IF-diensverskaffer, Hoek Twee (C2), uit 'n lys wat deur die netwerkowerheid gepubliseer is, kies, aanstel en mee kontrak sluit.
- C1 moet die reëls en regulasies van die netwerkowerheid nakom.
- C1 moet die e-faktuur digitaal en byna intyds aan C2 stuur vir validering en klaring.

b) Hoek Twee (C2): Toegangspunt

- C2 moet 'n gesertifiseerde diensverskaffer wees wat deur die netwerkowerheid geakkrediteer is.
- C2 moet met C1 kontrak sluit en oor die vereiste IT-vermoë beskik om e-fakture van C1 te ontvang, gedentraliseerde validering en klaring uit te voer en die gevalideerde e-fakture deur die IF-netwerk na Hoek Drie (C3) en Hoek Vyf (C5) oor te dra. Dit behels die toepassing van voorgeskrewe tegniese standaarde en BTW-wetgewende vereistes byna intyds. Indien validering suksesvol is, word die e-fakture geklaar en oorgedra. Indien nie, word dit afgekeur en na C1 teruggestuur vir regstelling en herindiening. Hierdie proses sorg vir nakoming by die bron en skakel ongeldige belastingfakture uit.
- C2 sal met die netwerkowerheid kontrak sluit, en sy verpligtinge en prestasie sal deur 'n diensvlakooreenkoms gereguleer word.

c) Hoek Drie (C3): Toegangspunt

- C3 moet 'n gesertifiseerde diensverskaffer wees wat deur die netwerkowerheid geakkrediteer is.
- C3 moet met C4 kontrak sluit, oor die vereiste IT-vermoë beskik en aan die IF-netwerk gekoppel wees om e-fakture van C2 te ontvang en namens die ontvanger, Hoek Vier (C4), gedentraliseerde validering van e-fakture uit te voer. Na suksesvolle validering dra C3 die e-fakture byna intyds na C4 en C5 oor en stuur bevestiging aan C2. Indien validering onsuksesvol is, word die e-fakture na C2 teruggestuur vir regstelling en herindiening.
- C3 sal met die netwerkowerheid kontrak sluit en sy verpligtinge en prestasie sal deur 'n diensvlakooreenkoms gereguleer word.

d) Hoek Vier (C4): Koper/Ontvanger

- C4 moet 'n geakkrediteerde IF-diensverskaffer (C3) uit 'n lys wat deur die netwerkowerheid gepubliseer is, kies, aanstel en mee kontrak sluit.
- C4 ontvang die geklaarde e-fakture van C3 en moet oor die IT-vermoë beskik om e-fakture binne sy rekeningkundige stelsel te ontvang, te prosesseer en daarop te reageer, en ook die BTW-status van die aankoop aan te dui. Die e-fakture word

outomaties geprosesseer, waarna C4 op C3 reageer deur ontvangs en die rekeningkundige BTW-hantering te bevestig (bv. volledig, gedeeltelik of nie geëis nie). C3 dra dan die e-faktuur en BTW-status aan C5 oor, wat deel vorm van die duplikaatklaringsproses waartydens die geklaarde e-faktuur deur beide C2 en C3 aan C5 gerapporteer word.

- C4 moet die reëls en regulasies van die netwerkwereid nakom.

e) Hoek Vyf (C5): Belastingowerheid se Toegangspunt


- C5 is die diensverskaffer wat namens SARS aangestel word. C5 sal alle BTW-transaksiedata van belastingpligtiges, verskaffers (C1) en ontvangers (C4), van C2 en C3 ontvang. Hierdie data sal aan SARS gerapporteer word vir risikobestuur en prosessering. Die data sal SARS help om BTW-opgawes vooraf in te vul (wat uiteindelik tot die outomatiese aanslag van BTW sal lei), wat deur die belastingpligtige bevestig of gewysig moet word om die selfaanslagbeginsel te behou.
- C5 moet aan alle diensverskaffers wat binne die IF bedrywig is, gekoppel wees.
- C5 sal met die netwerkwereid kontrak sluit, en sy verpligtinge en prestasie sal deur belastingwetgewing en/of 'n diensvlakoooreenkoms gereguleer word.

Hoofstuk 6: Voordele van die Digitale BTW-model

- 1) Dit sal vir belastingpligtiges die nakomingslas verminder, akkuraatheid verbeter, terugbetalings bespoedig en BTW-prosesse in sakestelsels anker, wat groter intydse sigbaarheid en sekerheid sal bied.
- 2) In die ekonomie help dit om die BTW-gaping te vernou, sakeverrigting makliker te maak, breër digitale integrasie en interoperabiliteit beide binnelands en internasionaal moontlik te maak en handelsfasilitering te verbeter.
- 3) Vir SARS en die regering versterk dit nakomingsuitkomstede deur intydse data, verbeter dit bedryfsdoeltreffendheid deur op hoërisikogevalle te fokus, verhoog dit verkrygingsdoeltreffendheid en deursigtigheid in die openbare sektor, en lê dit die grondslag vir breër digitale belastingadministrasie.

- 4) Die digitale BTW-model verskuif van 'n handmatige na-ouditstelsel na 'n aaneenlopende, datagedrewe nakomingsomgewing.

Die tabel hier onder illustreer hoe die digitale BTW-model belastingpligtiges en SARS sal bevoordeel.



Tabel 2: Na-oudit teenoor DCTCE

Hoofstuk 7: Wêreldwye Neigings en Internasionale Lesse⁶

E-fakturering en e-verslagdoening brei wêreldwyd uit, met lande wat verskillende benaderings volg om aan situasionele belastingnakomingsdoelwitte te voldoen.

Latyns-Amerikaanse lande soos Mexiko, Brasilië en Chili het verpligte intydse klaring van e-fakture vir alle besighede ingestel. Mexiko prosesseer jaarliks ongeveer 10 miljard e-fakture, wat bedrog aansienlik verminder. Mexiko en Chili het hul BTW-gaping met 50 persent verminder. Brasilië het nakoming landwyd verbeter, met meer as 2,1 miljoen ondernemings wat nou e-fakture uitreik en bedrog wat vinniger opgespoor word. Hierdie suksesse toon die inkomstewinste wat deur digitale transformasie moontlik is.⁷

Lande in Europa het hulle vir interoperabiliteit beywer. Die Europese Unie se ViDA-inisiatief⁸ (BTW in die Digitale Era) beoog om e-fakturering en digitale verslagdoening in ledelande te harmoniseer om BTW-bedrog te bekamp en prosesse te standaardiseer. Lande soos Italië vereis sedert 2019 klaring van alle onderneming-tot-onderneming- (B2B-) en onderneming-tot-verbruiker- (B2C) -fakture deur 'n sentrale platform, wat tot 'n noemenswaardige vermindering in hul BTW-gaping en byna 100% nakoming gelei het. Frankryk beplan om 'n vyfhoekige gedesentraliseerde model vir B2B-e-fakturering en -verslagdoening te implementeer.

Asië-lande soos Indië gebruik 'n gefaseerde benadering wat op omsetdrumpels gebaseer is om geleidelik e-fakturering te vereis. Hierdie benadering maak dit vir klein- en mediumondernemings makliker om geleidelik aan die nakomingsvereistes te voldoen.

China loods 'n verenigde e-faktureringsplatform en brei die dekking geleidelik uit.

⁶ OECD. 28 September 2022. *Tax Administration Digital Transformation and Electronic Invoicing: Initial Findings*. Aanlyn: https://www.oecd.org/en/publications/tax-administration-3-0-and-electronic-invoicing_2ffc88ed-en.html.

⁷ OpenText. (2023). *2024 Guide to Global e-Invoicing Mandates*. OpenText Position Paper.


⁸ European Commission (2022). *VAT in the Digital Age – Final Report, Volume 1: Digital Reporting Requirements*.

Die Verenigde State (wat 'n ander belastingstruktuur sonder BTW het) het geen landswye B2B-e-faktureringsmandaat nie, maar loods tans proefprojekte vir faktuuruitruilnetwerke in sekere sektore.

Hoofstuk 8: Implementeringsroete

Die implementering van die digitale BTW-model in Suid-Afrika sal 'n geleidelike, inklusiewe proses wees om stabiliteit te verseker, risiko te bestuur en deur konsultasie voorsiening te maak vir voortgesette leer, verfyning asook belanghebbendes se gereedheid en instemming. SARS beplan 'n gefaseerde opnameroete wat voorbereiding, oplossingsontwikkeling, validering, loodsing en geleidelike implementering behels, met vrywillige deelname ter ondersteuning van vroeë leer en verfyning.

Die implementeringsroete word in die illustrasie hier onder uitgebeeld:



Figuur 2: Voorgestelde oorsigtelike padkaart

8.1 Fase 1: Voorbereiding

Fase 1 fokus op navorsing, ontleding en omvattende konsultasie met belanghebbendes om beleidsopsies te verfyn, gereedheid per segment te bepaal en as grondslag vir gedetailleerde oplossingsontwerp te dien. Daar word verwag dat vroeë skakeling met bedryfsliggame, diensverskaffers en verskaffers in 2026/2027 sal begin en ongeveer 12 maande sal duur. Hierdie fase sal ook die publikasie van konsep-BTW-regulasies insluit.

8.2 Fase 2: Oplossingsontwikkeling

Fase 2 ontwerp en ontwikkel die BTW-moderniseringsoplossing en die ondersteunende tegniese, regulatoriese en bestuursomgewing. Dit sluit die omskrywing van standarde, spesifikasies en bedryfsmodelle vir konektiwiteit, interoperabiliteit en data-uitruiling in, en sal na verwagting ongeveer 12 maande in 2027/2028 duur. Hierdie fase sal ook die uitvaardiging van die BTW-regulasies insluit.

8.3 Fase 3: Validering (Gehalteversekeringstoetsing)

Fase 3 verseker die gehalte van die oplossing in 'n beheerde toetsomgewing met vrywillige deelnemers om prestasie te bevestig, praktiese probleme te identifiseer en prosesse voor produksie-ontplooiing te verfyn. Toetsing sal op funksionaliteit, doeltreffendheid en operasionele gereedheid fokus en sal na verwagting nagenoeg ses maande duur in 2028/2029.

8.4 Fase 4: Loodsprojek

Fase 4 behels 'n loodsprojek met vrywillige deelnemers uit prioriteitsegmente in 'n produksieagtige omgewing om regstreekse bedrywighede te toets en end-tot-end-gereedheid te bevestig. IT-spanne sal saam met SARS en diensverskaffers by toetsing betrokke wees om tegniese kwessies uit te stryk. Lesse wat geleer is, sal die finale verfynings voor die breër implementering rig en hierdie fase sal na verwagting ongeveer ses maande duur in 2029/2030.

8.5 Fase 5: Geleidelike Implementering

Fase 5 implementeer die oplossing in fases, gerig deur mandate en omsetdrumpels, met die tempo wat deur transaksievolumes, industriegereedheid en praktiese oorwegings (insluitend sektorspesifieke uitsonderings en hoërisikosektore) bepaal word. Groot belastingpligtiges sal dit aanvanklik vrywillig opneem, met verpligte opname wat later bekendgestel word. Vrywillige deelname deur enige sektor of grootte van onderneming sal beskikbaar wees. Die volgorde waarin die implementering vir spesifieke segmente of sektore van die ekonomie sal plaasvind, kan gedurende hierdie fase verander na gelang van die gemak van opname, nakomingsrisiko, aanduidings van die BTW-gaping en ander faktore. Implementering sal na verwagting gedurende die 2030-kalenderjaar plaasvind en oor ongeveer 36 maande strek.

Fase 5a: Groot Belastingpligtiges en Ondernemings (B2B)

Fase 5a prioritiseer groot belastingpligtiges en ondernemings, gegewe hul meer gevorderde stelsels en groter kapasiteit om e-fakturering op te neem, met diensverskaffers te integreer en met die IF te koppel. Vroeë opname sal na verwagting outomatiseringsvoordele vroeër ontsluit en opname regoor leweringskettings bevorder.

Fase 5b: Onderneming-tot-Regering (B2G)

Fase 5b brei die oplossing uit na regeringsentiteite om verpligte ontvangs van e-fakture vir aankope moontlik te maak, wat sigbaarheid, beheer en deursigtigheid verbeter. Hierdie segment kan saam met die implementering vir groot ondernemings geprioritiseer word.

Fase 5c: Mikro-, Klein- en Mediumondernemings (B2B)

Fase 5c brei die oplossing na mikro-, klein- en mediumondernemings (KMMO's) uit. Hoewel daar aansienlike voordele is, sal opname oor 'n paar jaar geleidelik plaasvind weens wisselende infrastruktuurvermoëns, ondersteun deur toepaslike inskakeling en hulpverlening.

Fase 5d: Onderneming-tot-Verbruiker (B2C)

Fase 5d dek transaksies waarby belastingpligtiges wat nie vir BTW geregistreer is nie, ondernemings en eindverbruikers betrokke is, om sigbaarheid regoor die ekonomie te versterk. Aansporings kan oorweeg word om die aanvaarding en validering van fakture aan te moedig.

Hoofstuk 9: SARS en die Impak Op en Betrokkenheid van Belanghebbendes

SARS volg 'n inklusiewe benadering tot skakeling met belanghebbendes en veranderingsbestuur om die digitale BTW-model te ondersteun en te verseker dat belanghebbendes se insette die ontwerp en implementering van 'n praktiese BTW-stelsel rig wat met sake- en ekonomiese realiteite strook. SARS sal verseker dat die digitale BTW-model deur duidelike standaarde, betroubare stelsels, dataveiligheid, intydse verwerking, diensverskafferakkreditering, belastingpligtigegereedheid, opleiding, bedrogopsporing, oorgrensversoenbaarheid, politieke ondersteuning en raadpleging met belanghebbendes ondersteun word.

SARS besef dat die opname van die digitale BTW-model belegging in tegnologie, stelselintegrasie, prosesversterking, organisatoriese gereedheid en verwante operasionele koste sal vereis. Die omvang van hierdie koste sal wissel na gelang van die grootte, ingewikkeldheid en digitale rypheid van elke belanghebbende. Internasionale ondervinding dui daarop dat hoewel implementeringskoste op die kort termyn kan ontstaan, aansienlike voordele deur verbeterde outomatisering, beter nakoming, minder administratiewe werk, beter datagehalte en doeltreffender belastingadministrasie verwesenlik kan word. SARS sal deurgaans tydens die konsultasieproses met belanghebbendes skakel om die impak van koste te verstaan en toepaslike ondersteuningsmeganismes te verken, veral vir klein en ontluikende belastingpligtiges.

Om die voordele van die digitale BTW-model te verwesenlik, sal verskillende groepe belanghebbendes sekere stappe moet neem en hul bedrywighede moet aanpas. Suksesvolle opname van die model vereis gekoördineerde veranderinge in tegnologie, prosesse en mense.

9.1 Wetgewende Impak

BTW-modernisering sal die progressiewe implementering van 'n duidelike wetgewende raamwerk vereis om e-fakturering, die IF en verwante datadelingsverpligtinge en e-verslagdoening te ondersteun. Die wetgewende wysigings is daarop gemik om sekerheid oor die rolle, verpligtinge en regte van SARS, belastingpligtiges en diensverskaffers te verskaf, en terselfdertyd eers vrywillige en daarna verpligte opname moontlik te maak. Die raamwerk sal deur internasionale beste praktyk gerig word en sal sleutelbegrippe soos elektroniese fakture, kernfakturelemente, semantiese datamodelle, sintaksis, interoperabiliteit en e-verslagdoening omskryf. Dit sal ook standarde vir elektroniese fakturering bepaal wat tegnologieë neutraal, internasionaal versoenbaar, prakties, koste-effektief en geskik vir KMMO's en kommersiële transaksies is. Wetgewende reëls sal besware, databeskerming, sertifisering en goedkeuring van diensverskaffers, geheimhouding en verwante bestuursvereistes aanspreek.

9.2 Impak op Inligtingstegnologie (IT)

Die omskrywing van die digitale BTW-model is 'n kritieke besluit wat die keuse, ontwikkeling, konfigurasie en voorbereiding van die IT- en sagteware-infrastruktuur wat nodig is om implementering in Suid-Afrika te ondersteun, sal rig. Hierdie besluit sal berus op die voorkeurnetwerkowerheid, die IF, die verwante standarde en die uitkoms van die tersaaklike keurings- en verkrygingsprosesse wat tans deur SARS gefinaliseer word.

Belastingpligtiges moet verseker dat hul rekeningkundige-/ERP-stelsels met die nuwe e-faktureringstandaard versoenbaar is. Dit mag bywerkings of versterkings tot sagteware of selfs die vervanging van stelsels behels. IT-spanne sal deur veilige koppelvlakke verbindings met gekose IF-diensverskaffers moet opstel en die nodige dataveiligheidsmaatreëls implementeer om die integriteit en vertroulikheid van transaksionele data te beskerm.

Ondernemings sonder die vereiste e-faktureringsvermoë sal hul sagteware moet bywerk of geskikte rekeningkundige, ERP- of faktureringsagteware moet opneem, of geakkrediteerde toegangspunt diensverskaffers moet gebruik om bestaande faktuurdata na die voorgeskrewe formaat om te skakel. Vir kleiner belastingpligtiges kan diensverskafferportale of vereenvoudigde digitale instrumente 'n praktiese en gefaseerde oorgang ondersteun.

SARS sal ook met sagtewareverskaffers oor intekenmodelle met verskillende vlakke skakel om gesubsidieerde of laekoste-opsies te oorweeg.

Gegewe die gefaseerde oorgang na verpligte opname, sal bestaande en nuwe stelsels waarskynlik oor segmente heen parallel funksioneer totdat die oorgang ten volle voltooi is.

9.3 Impak op Finansies en Belastingnakomingsprosesse

Belastingpligtiges se finansies-, rekeningkundige- en belastingafdelings sal hul prosesse moet aanpas van periodieke, handmatige BTW-opgawevoorbereiding na deurlopende transaksiemonitering. In plaas daarvan om data aan die einde van die maand vir opgawes saam te stel, sal hulle geleidelik oorskakel na die toesig oor geoutomatiseerde faktuurvaliderings en die hantering van uitsonderings wat die stelsel intyds uitwys. Dit vereis herbesinning oor hoe take soos faktuurrekonsiliasie, belastingindiening en rekordhouding bestuur word. Interne beheermaatreëls kan ook na 'n vroeë stadium in die proses verskuif. Mettertyd kan die rol van finansiespanne ontwikkel om meer op datagehalte en die hantering van uitsonderings te fokus, eerder as op roetinebelastingberekeninge.

9.4 Impak op Organisatoriese Gereedheid en Opleiding

Veranderingsbestuur sal vir SARS én belastingpligtiges van kardinale belang wees. Belastingpligtiges moet beplan om personeel op te lei om met die nuwe e-faktuurstelsels of diensverskafferportale te werk. Duidelike interne kommunikasie en moontlik hersiene beleide sal help om die oorgang van fakture in papier- of elektroniese formaat na volledig digitale werkvloei gladder te laat verloop. Belastingpligtiges kan projekspanne aanwys om die IT-, finansies- en nakomingsfunksies te oorbrug, die integrasie te bestuur en alle toepaslike

ondernemingseenhede in lyn te bring. Om met bedryfsverenigings te skakel, van eweknieë te leer en voordeel uit wêreldwye ervaring te trek, kan ook tot gereedheid bydra.

9.5 Impak op Tussengangerdiensverskaffers

Tussengangerdiensverskaffers, soos sagtewareverskaffers, belastingpraktisyns en erkende beheerliggame, is onder die belanghebbendes wat ook geraak sal word. Hul betrokkenheid by die ontwikkeling van die ekosisteem is nodig om bestuur, akkreditasie, toesig oor standaarde, aanspreeklikheidsreëls en veiligheidsbeheermaatreëls te verseker, ter wille van konsekwentheid, vertroue en billike markgedrag regoor die netwerk. Dit behoort opnamehindernisse te verminder, integrasiepogings regoor die ekosisteem te versprei en die digitale BTW-model in staat te stel om in die praktyk te funksioneer.

9.6 Ondersteuning en Samewerking

SARS sal 'n inklusiewe benadering volg wat die behoeftes van belanghebbendes met SARS se mandaat in balans bring. Dit sal ondersteun word deur vroeë en deurlopende skakeling met ondernemings, belastingpraktisyns, rekeningkundige sagtewarefirmas, bedryfsliggame en toepaslike staatsdepartemente. Gereelde werkswinkels sal bywerkings verskaf, terugvoer insamel en bekommernisse aanspreek. SARS is toegewyd om saam met en deur belanghebbendes te werk. Met sorgvuldige beplanning, 'n gefaseerde benadering, samewerking met belanghebbendes en ondersteuning kan die opname van die digitale BTW-model in Suid-Afrika op so 'n wyse bestuur word dat voordele gemaksimaliseer en ontwigting geminimaliseer word.

9.7 Groot Ondernemings

Meeste groot belastingpligtiges gebruik reeds moderne ERP- of rekeningkundige stelsels en is goed geposisioneer om vroeë opname te lei. Hierdie ondernemings sal hul stelsels of sagteware moet bywerk om e-fakture in die vereiste formaat uit te reik en te ontvang, en 'n gesertifiseerde diensverskaffer in die IF-netwerk moet kies om met hul handelsvennote en SARS te skakel. Die opname van die digitale BTW-model in hierdie segment sal waarskynlik

eerder uit bywerkings as uit wesenlik nuwe implementerings bestaan. Dit sal die integrasie van hul ERP-/rekeningkundige stelsel met die gekose diensverskaffer se platform behels, asook die toetsing van datavloei en die versekering dat interne prosesse soos krediteure-, debiteure- en BTW-werkvloei aangepas word om intydse faktuurvalidering en -reaksies te hanteer en die huidige handmatige prosesse te vervang. Groot ondernemings sal ook finansies- en IT-spanne oor die nuwe prosesse moet oplei en, gegewe hul kapasiteit, sal hulle na verwagting gouer doeltreffendheidswinste behaal en help om opname in hul voorsieningskettings te bevorder.

9.8 Mikro-, Klein- en Mediumondernemings (KMMO's)

KMMO's kan groter uitdagings in die gesig staar met die opname van die digitale BTW-model weens beperkte IT- en finansieshulpbronne en -vermoëns. SARS besef dit en beplan om hierdie segment met toepaslike aanboordprosesse en hulpverlening by te staan. KMMO's sal geleidelik moet wegbeweeg van papiergebaseerde, sigblad- of per e-pos gestuurde PDF-fakture na datagedrewe digitale fakturering en uitruiling deur rekeningkundige sagteware of diensverskafferoplossings op te neem. Diensverskafferportale of vereenvoudigde digitale instrumente kan 'n praktiese oorgangsroete bied, ondersteun deur gefaseerde implementering, leiding en aanboordhulpverlening. SARS beoog om leiding, opleiding en ondersteuningskanale te verskaf om hierdie segment deur hierdie oorgang te help.

9.9 Regerings- en Openbare Entiteite

Die openbare sektor is sowel 'n beleidskepper as 'n deelnemer aan die BTW-ekostelsel, as aankoper van goedere en dienste, en kan as koper/ontvanger in die digitale BTW-model die rol van Hoek 4 vervul. Regeringsdepartemente en openbare entiteite sal gemandateer word om gedurende die toepaslike fase van die implementeringsroete e-fakture van verskaffers te aanvaar. Hulle moet verseker dat aankope- en finansiële stelsels e-fakture kan ontvang en prosesseer. Die opname van e-fakturering deur openbare aankope sal deursigtigheid verbeter en bedrog in openbare besteding verminder. Dit sal opleiding van personeel en bywerking van stelsels vereis. SARS en regeringstoehoudende liggame sal saamwerk om konsekwente standaarde vir regeringsgebruik te implementeer wat met die breër raamwerk bely is.

Alle openbaresektorbelanghebbendes word genooi om die potensiële doeltreffendheidswinste, stelselgereedheid en die balans tussen verbeterde nakoming en die gemak van sakeverrigting te oorweeg.

9.10 Uitdagings en Sleutelsuksesfaktore

Die grootste uitdagings wat belastingpligtiges in die gesig sal staar met die opname van die digitale BTW-model sluit implementeringskoste, lae digitale geletterdheid, weerstand teen verandering, sake-onderbrekings, regulatoriese ingewikkeldheid, stelselintegrasie, dataveiligheid en skaalbaarheid in.

Hierdie uitdagings sal deur konsultasie oor regeringsbeleid, samewerking met belanghebbendes, geskikte tegnologieplatforms, langtermynkostebeplanning, aanpasbare sagteware, opleiding, veranderingsbestuur en sterk dataveiligheidsbeheermaatreëls aangespreek word.

Die sleutelfaktore is intensiewe beplanning, 'n duidelike strategie, doeltreffende kommunikasie en volgehoue samewerking met belanghebbendes om suksesvolle opname en implementering te verseker.

Hoofstuk 10: Gevolgtrekking

Die digitale BTW-model is meer as net 'n tegnologiebywerking; dit is 'n herontwerp van die BTW-ekostelsel. Die roete behels 'n veeljarige program en vereis menige komponente, stelsels en rolspelers om saam te werk om die volle voordele te bewerkstellig.


Die transformasie sal 'n langtermynverskuiwing na 'n digitale, deursigtige en veerkragtige BTW-administrasie moontlik maak. Dit sal vir belastingpligtiges 'n eenvoudiger, meer voorspelbare ervaring bied met minder inspanning en groter sekerheid waar “belasting eenvoudig gebeur”.

SARS nooi belanghebbendes uit om terugvoer oor hierdie konsultasiedokument te verskaf ten opsigte van, maar nie beperk nie tot, digitale transformasie, tegnologie, veranderingsbestuur, implementeringstydraamwerke, gereedheid, koste, uitdagings en voordele, om samewerkende deelname aan die bou van 'n wêreldklas digitale BTW-model te verseker.

Terugvoer moet teen 16 Oktober 2026 verskaf word deur middel van die Qualtrics-opnameskakel:
https://sars.qualtrics.com/jfe/form/SV_e2NAmnTnnGOBci2

SARS sal alle voorleggings van belanghebbendes oorweeg en konsolideer. Skakeling met sleutelbelanghebbendes, insluitend verenigings, sagtewareondernemings, regerings- en openbaresektorliggame en belastingpligtiges, sal deur gestruktureerde werkgroepe plaasvind om gedetailleerde terugvoer oor die voorgestelde digitale BTW-model te bekom. Alle skakeling sal bydra tot die ontwikkeling en opname van die finale beleid en terselfdertyd belanghebbendes oor ontwikkelings ingelig hou.

'n Oorsigtelike tydlyn vir die konsultasieproses tot en met die opname van die beleid is soos volg:



Figuur 3: Konsultasieprosestydlyn